## 19 Oktober 2 Timoteus 3:10-17 (3:16)

### *Christus is die norm*

Die derde ding waaroor die Bybel bedoel is, is om verkeerdhede reg te stel. Die oorspronklike woord se mees basiese vorm beteken "om regop te wees" of om iets te herstel na 'n reguit of regop posisie. In Handelinge 14:10 gebruik Paulus hierdie selfde woord as hy vir 'n kreupel man beveel om regop te staan.

Ons definieer kreupel as 'n afwyking van die normale. Ons sien die meeste mense het twee arms en twee bene en die meeste mense kan loop met hulle twee bene. Daarom definieer ons dit as normaal. Enigiets wat hiervan afwyk, is volgens ons kreupel. Maar is dit reg? Is dit nie beter om kreupelheid of gebreklikheid te sien as 'n afwyking van jou oorspronklike bedoeling nie?

So gesien is ons almal geestelik gebreklik! Waarom? Want die Here se oorspronklike bedoeling met ons was om vir Hom te lewe. Maar ons lewe dikwels net vir onsself. En dit is die derde bedoeling van die Bybel: Om ons verkeerdhede reg te stel deur vir ons te sê: Staan regop!

Die Bybel doen dit deur te vertel van een Persoon wat nie gebreklik was nie – Jesus Christus. En die Bybel sê vir ons: Dit is hoe "normaal" rêrig lyk. As Jesus buk om sy dissipels se voete te was, dan sien ons wat normaal werklik beteken: Normaal is om van jou troon af te klim en jou naaste te dien soos Jesus. Dis normaal. As jy dit nie doen nie, is jy gebreklik.

Hoe gebreklik is ons nie almal nie! Maar dank die Here vir sy Woord wat ons nie daar wil los nie, maar ons oproep om op te staan!

Sing: Psalm 86:7 Ds. H.J. Vermeulen (Bloempark)